basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**BSTD.1**

# BESIGHEIDSTUDIES V1

**NOVEMBER 2020**

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.**

# OGGENDSESSIE

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek TWEE hoofonderwerpe.

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Bestaan uit DRIE vrae.
   Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling.
   AFDELING C: Bestaan uit TWEE vrae.
   Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.

   Let wel dat SLEGS die eerste TWEE vrae in AFDELING B en die eerste EEN vraag in AFDELING C nagesien sal word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is. GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genommer is NIE.

4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.

5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van 'n antwoord te bepaal.

6. Gebruik die tabel hieronder as 'n riglyn vir punte- en tydtoekenning wanneer jy elke vraag beantwoord.

| **AFDELING** | **VRAAG** | **PUNTE** | **TYD (minute)** |
|---|---|---|---|
| **A: Objektiewe tipe vrae VERPLIGTEND** | **1** | **30** | **30** |
| | | | |
| **B: DRIE direkte/indirekte tipe vrae KEUSE: Beantwoord enige TWEE.** | **2** | **40** | **30** |
| | **3** | **40** | **30** |
| | **4** | **40** | **30** |
| | | | |
| **C: TWEE opsteltipe vrae KEUSE: Beantwoord enige EEN.** | **5** | **40** | **30** |
| | **6** | **40** | **30** |
| | | | |
| **TOTAAL** | | **150** | **120 minute** |

7. Begin die antwoord op ELKE vraag op 'n NUWE bladsy, bv. VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy.

8. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.6 D.

1.1.1 Hierdie Wet vereis dat besighede die pryse van alle goedere en dienste vertoon:

A Wet op Verbruikersbeskerming, 2008 (Wet 68 van 2008)
B Nasionale Kredietwet (NKW), 2005 (Wet 34 van 2005)
C Wysigingswet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes (COIDA), 1997 (Wet 61 van 1997)
D Wet op Vaardigheidsontwikkeling, 1998 (Wet 97 van 1998)

1.1.2 Smooth Melkskommels het die ... diversifikasiestrategie geïmplementeer toe hulle vrugteskommels by hulle bestaande spyskaart gevoeg het.

A vertikale
B horisontale
C konsentriese
D konglomerasie-

1.1.3 Zuko Vervoer is in die … sektor werksaam omdat hulle in afleweringsdienste spesialiseer.

A sekondêre
B primêre
C ekonomiese
D tersiêre

1.1.4 Angela Konstruksie fasiliteer gereeld die opleiding van hulle werknemers. Dit is 'n voorbeeld van … as 'n TGB-element.

A deurlopende vaardigheidsontwikkeling
B voldoende finansiering en kapasiteit
C monitering en evaluering van gehalteprosesse
D deurlopende verbetering van prosesse en stelsels

1.1.5 Hierdie funksie is verantwoordelik vir positiewe mediaverklarings om sodoende die beeld van die besigheid te bevorder.

A Aankope
B Openbare betrekkinge
C Bemarking
D Algemene bestuur (5 x 2) (10)

Kopiereg voorbehou

1.2 Voltooi die volgende stellings deur die woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| |
|---|
| direkteur-generaal; administrasie; werkloosheidsversekeringsfonds; PESTWO; Nasionale Kredietwet; SSGB; SOOO's ('SETAs'); behuisingstoelaag; aankoop; Nasionale Kredietreguleerder |

1.2.1 Die rol van ... is om vaardigheidsontwikkelingsplanne vir hul spesifieke ekonomiese sektor op te stel.

1.2.2 Besighede wat goedere op krediet aanbied, moet by die ... geregistreer wees.

1.2.3 Parkview Konsultante het 'n ...-analise saamgestel om die redes vir swak bestuur in die besigheid te ondersoek.

1.2.4 Odwa is geregtig op ... as 'n verpligte voordeel.

1.2.5 Die produksiebestuurder werk nou saam met die ...-bestuurder sodat die regte kwaliteit grondstowwe aangekoop word. (5 x 2) (10)

1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.3.6 K.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.3.1 | Markpenetrasie | A | die menslikehulpbronbestuurder moet werknemers toelaat om by 'n vakbond van hulle keuse aan te sluit |
| 1.3.2 | Leerlingskap | B | identifiseer die vakante betrekking voor onderhoude gevoer word |
| 1.3.3 | Wet op Gelyke Indiensneming | C | besighede beoog om hul bestaande produkte aan nuwe markte te verkoop |
| 1.3.4 | Onderhoudvoerder | D | die opleidingsgeleentheid wat vereis dat werknemers slegs eksterne praktiese kursusse bywoon |
| 1.3.5 | Totale Gehalte-bestuur | E | besighede fokus daarop om bestaande produkte aan bestaande markte teen laer pryse te verkoop |
| | | F | het ten doel om die behoeftes van die verbruiker bo hulle verwagtinge te bevredig |
| | | G | die opleidingsgeleentheid wat tot 'n erkende beroepskwalifikasie kan lei |
| | | H | die menslikehulpbronbestuurder moet regstellende aksie toepas wanneer aanstellings gemaak word |
| | | I | ontwikkel 'n stel kernvrae wat op die vaardighede wat vereis word, gebaseer is |
| | | J | vereis dat bestuur slegs op deurlopende verbetering van besigheidsprosesse fokus |

(5 x 2) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 2 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 3 op 'n NUWE bladsy.

### VRAAG 2: BESIGHEIDSOMGEWINGS

2.1 Noem enige TWEE tipes integrasiestrategieë. (2)

2.2 Beskryf kortliks die stappe in strategie-evaluering. (6)

2.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**GERALD HANDELSONDERNEMING (GH)**

GH kon nie tydens die gedwonge grendeltydperk hulle produkte na ander lande uitvoer nie. Sommige van hulle noodsaaklike werknemers het versoek om van die huis af te werk as gevolg van die negatiewe impak van die COVID-19-pandemie. Sally Vervaardigers het die verspreiding van persoonlike beskermingstoerusting aan GH vertraag.

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om VRAAG 2.3.1 tot 2.3.3 te beantwoord.

| UITDAGINGS 2.3.1 | BESIGHEIDS-OMGEWINGS 2.3.2 | MATE VAN BEHEER 2.3.3 |
|---|---|---|
| 1. | | |
| 2. | | |
| 3. | | |

2.3.1 Haal DRIE uitdagings vir GH uit die scenario hierbo aan. (3)

2.3.2 Klassifiseer GH se uitdagings volgens die DRIE besigheids-omgewings. (3)

2.3.3 Noem die mate van beheer wat GH het oor ELKE besigheidsomgewing wat in VRAAG 2.3.2 genoem is. (3)

2.4 Verduidelik die implikasies van die volgende pilare van die Wet op Breëbasis-Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBSEB) vir besighede:

2.4.1 Bestuursbeheer (4)

2.4.2 Vaardigheidsontwikkeling (4)

2.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **CINDY BOTTELVERSKAFFERS (CB)** |
|---|
| Martha, 'n werknemer van Cindy Bottelverskaffers, is onregverdig afgedank nadat sy laat gekom het as gevolg van padversperrings omdat daar 'n diensleweringsprotesaksie was. Sy het die saak verwys na die Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie (KVBA) omdat sy oor haar afdanking ongelukkig was. |

2.5.1 Identifiseer die Wet wat op CB van toepassing is. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal. (3)

2.5.2 Verduidelik ander optredes wat as diskriminerend beskou word deur die Wet wat in VRAAG 2.5.1 geïdentifiseer is. (4)

2.6 Beveel maniere aan waarop besighede uitdagings kan hanteer wat die volgende PESTWO('PESTLE')-faktore inhou:

2.6.1 Tegnologies (4)

2.6.2 Omgewing (4)
**[40]**

**VRAAG 3: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE**

3.1 Noem enige TWEE aspekte wat by 'n indiensnemingskontrak ingesluit moet word. (2)

3.2 Brei uit oor die verskil tussen *stukwerk-* en *tydsverwante* salarisbepalingsmetodes. (4)

3.3 Verduidelik die redes vir die beëindiging van 'n indiensnemingskontrak. (6)

3.4 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**IKUSASA HANDELS BPK. (IHB)**

Ikusasa Handels Bpk. het onlangs die pos vir 'n finansiële bestuurder op hulle kennisgewingborde geadverteer om sodoende 'n geskikte kandidaat te vind.

3.4.1 Noem die werwingsmetode wat deur IHB in die scenario hierbo gebruik is. (2)

3.4.2 Bespreek die impak van die werwingsmetode wat in VRAAG 3.4.1 genoem is, op besighede. (6)

3.5 Beskryf kortliks TWEE voordele van 'n goeie gehaltebestuurstelsel. (4)

3.6 Verduidelik die gehalte-aanwysers van die finansiële funksie. (4)

3.7 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

**EXCEL TAPYTVERVAARDIGERS (ET)**

Excel Tapytvervaardigers kontroleer die kwaliteit van hulle tapyte gedurende en na die produksieproses. Die hoof- uitvoerende beampte (HUB) van ET gebruik verskillende tegnieke om die gehalte van hulle produk te verbeter.

Identifiseer TWEE gehaltekonsepte wat op ET van toepassing is. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal.

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om VRAAG 3.7 te beantwoord.

| GEHALTEKONSEPTE | MOTIVERINGS |
|---|---|
| 1. | |
| 2. | |

(6)

3.8 Evalueer die impak van totale kliënte-/klante-tevredenheid op groot besighede as 'n element van totale gehaltebeheer (TGB) . (6)

**[40]**

## VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE

### BESIGHEIDSOMGEWINGS

4.1 Noem enige VIER verbruikersregte soos in die Nasionale Kredietwet (NKW), 2005 (Wet 34 van 2005) gestipuleer. (4)

4.2 Identifiseer die krag van Porter se Vyf Kragte-model wat op Louisa se Haarsalon in ELK van die stellings hieronder van toepassing is:

4.2.1 Lwazi het 'n nuwe haarsalon aan die oorkant van die straat oopgemaak wat dienste teen laer pryse as Louisa se Haarsalon lewer.

4.2.2 Louisa se Haarsalon is hoogs winsgewend en lok baie nuwe entrepreneurs om hierdie mark te betree. (4)

4.3. Verduidelik TWEE tipes defensiewe strategieë. (6)

4.4 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **MAJEED KONSTRUKSIE (MK)** |
|---|
| Majeed Konstruksie verseker dat ongelukke en siektes wat by die werkplek plaasvind onmiddellik aangemeld word. |

4.4.1 Identifiseer die Wet wat op die scenario hierbo van toepassing is. (2)

4.4.2 Gee die bestuur van MK raad oor enige TWEE ander maniere waarop hulle aan die Wet wat in VRAAG 4.4.1 geïdentifiseer is, kan voldoen. (4)

### BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

4.5 Jy het 'n nuwe werknemer aangestel wat induksie benodig.

4.5.1 Noem TWEE aspekte wat by 'n induksieprogram ingesluit moet word. (2)

4.5.2 Beskryf kortliks die voordele van induksie vir besighede. (4)

4.6 Verduidelik die plasingsprosedure as 'n menslikehulpbron-aktiwiteit. (4)

4.7 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**PETER SKOENE BEPERK (PSB)**

Die bestuur van Peter Skoene Beperk verbeter voortdurend hulle prosesse en stelsels. Bestuur versoek altyd dat gehaltesirkels probleme met betrekking tot lae-gehalte-produkte ondersoek. Gehaltesirkels verhoog ook produktiwiteit deur gereelde hersiening van gehalteprosesse.

4.7.1 Haal TWEE rolle van gehaltesirkels as deel van die deurlopende verbetering van prosesse en stelsels uit die scenario hierbo aan. (2)

4.7.2 Verduidelik ander rolle van gehaltesirkels as deel van die deurlopende verbetering van prosesse en stelsels. (4)

4.8 Stel maniere voor waarop totale gehaltebeheer (TGB) die koste van gehalte/kwaliteit kan verminder. (4)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

## AFDELING C

Beantwoord ENIGE EEN vraag in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 5 op 'n NUWE bladsy OF VRAAG 6 op 'n NUWE bladsy.

### VRAAG 5: BESIGHEIDSOMGEWINGS (WETGEWING)

Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (WBDV), 1997 (Wet 75 van 1997) is ingestel om die ongelykhede van die verlede reg te stel. Die bepalings van die WBDV beskerm werknemers en verskaf riglyne vir werkgewers oor hoe hulle aan hierdie Wet kan voldoen. Besighede kan strafmaatreëls in die gesig staar indien hulle nie die WBDV nakom nie.

Skryf 'n opstel oor die WBDV waarby jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks die doel van die WBDV.
- Verduidelik die volgende bepalings van hierdie Wet:
  - Jaarlikse verlof
  - Werksure
  - Kinder- en dwangarbeid
- Bespreek die impak van die WBDV op besighede.
- Gee raad aan besighede oor die strafmaatreëls wat hulle in die gesig staar indien hulle nie hierdie Wet nakom nie. **[40]**

### VRAAG 6: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE (MENSLIKEHULPBRONFUNKSIE)

Delta Vervaardigers het 'n vakante pos vir 'n verkoopsbestuurder. Die menslikehulpbronbestuurder het die keuringsprosedure geïmplementeer nadat 'n posontleding opgestel is. Voornemende kandidate is vir 'n onderhoud genooi. Byvoordele is vir die suksesvolle kandidaat aangebied.

Skryf 'n opstel oor die aktiwiteite van die menslikehulpbronfunksie waarby jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks die keuringsprosedure as 'n menslikehulpbron-aktiwiteit.
- Verduidelik die TWEE komponente van posontleding.
- Bespreek die rol van die kandidaat/aansoeker tydens die onderhoud.
- Evalueer die impak van byvoordele op Delta Vervaardigers as 'n besigheid. **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**